



GOD VERANDER ONS TRANE IN VREUGDE

Psa 30:1-12 'n Psalm. 'n Lied vir die inwyding van die tempel. Van Dawid. (30:2) Ek wil u lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my nie. (30:3) Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak. (30:4) Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe. (30:5) Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien, loof sy heilige Naam! (30:6) Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer. (30:7) Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie." (30:8) Deur u goedheid het U my op 'n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword. (30:9) Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek: (30:10) "Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig? (30:11) Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!" (30:12) Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. (30:13) Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!

Lees ook 1 Kronieke 21:1-27 wat moontlik die agtergrond vorm van Dawid se skrywe van Ps 30.

1 Gesels oor die sleutelverse Psalm 30:6 en 12 veral in die lig van Dawid se dom optrede wat groot hartseer veroorsaak het vir baie? Dink jy ons kan sê: God kan trane in vreugde verander selfs al is ons eie dom optrede die oorsaak van ons ellende?

2 Psalm 30:2,4. Wat was Dawid se krisis waarvoor hy redding benodig het en wat vir hom gevoel het asof hy reeds op pad is na die dood toe vlg 1 Kron 21:13,16?

3 Psalm 30:7 verwys na Dawid se verwaande gesindheid wat ook kan sinspeel op rede vir die volkstelling in 1 Kron 21. Watter vorms kan hierdie verwaande gesindheid of oormoed (selfversekerdheid) vandag ook aanneem of in voor kom onder ons?

4 Watter soort gebeure in die lewe assosieer jy met "trane"?

-
-

5 Watter soort gebeure in die lewe assosieer jy met "vreugde" ?

-
-

6 Bespreek die stelling: trane en vreugde is 'n normale deel van ons lewe.

7 Gesels oor Hanna (1 Sam1) en Maria Magdalena (Joh 20) as voorbeelde van hoe God trane in vreugde verander.

8 Watter bemoediging hou dit vir jou persoonlik in om te weet God kan ons trane in vreugde verander?

9 Is daar 'n voorbeeld uit jou lewe van hoe God jou trane in vreugde verander het? Deel met mekaar.